DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – NOVEMBER 2010

Maandag 1 November 2010

Gebedsfokus op verlossing: Prostitute

Mans en vrouens wat hulle liggame vir geld verkoop, hou dikwels glad nie daarvan om dit te doen nie. Bid vir hierdie mans en vrouens. Bid vir hulle redding: dat hulle in 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus sal kom en Hom sal volg en dat Hy sal ingryp sodat hulle 'n ordentlike werk kan kry en die vermoë sal hê om hulle lewenstyl te verander.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Papoea-Nieu-Guinee

Toe die nuwe aanloopbaan in Megamanau, Papoea-Nieu-Guinee ingewy en geopen is, het die bewoners fees gevier! Die aanloopbaan is noodsaaklik vir die in- en uitvlieg van vertalers, vir vrywilligers en vir voorrade. Twee vertalers het die vertaling van die vier Evangelies en Handelinge afgehandel en die nuwe aanloopbaan gaan 'n geweldige groot hulp wees vir hulle werk aan die voltooiing van die Skrif. (Webwerf: http://www.MNNonline.org/article/13933). Dank die Here vir die vordering van die vertaling van die Bybel in Papoea-Nieu-Guinee. Vra asseblief die Here vir werkers in die oesland, dat al die tale in die land wat nog nie 'n Bybel het nie, binnekort 'n Bybelvertaling sal hê.

Dinsdag 2 November 2010

Gebedsfokus op die omgewing: Water vir die toekoms

Suid-Afrika is besig om sy watervoorraad vir die toekoms te verseker deur die voltooiing van sewe nuwe watervoorsieningsprojekte teen 2014. Dit sluit in die Mokolo-uitbreidingsprojek wat water moet voorsien aan die Medupi-kragstasie in Lephalale in die Limpopo-provinsie asook die Mooi-Mgeni Oordragskema wat die konstruksie van die *Spring Grove* dam in die omgewing van Thekwini/Durban en Umgungundlovu in KwaZulu-Natal insluit. Ook word 'n konsepbeleid ontwikkel vir die ontsouting van seewater. (Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/environment/sa_will_focus_on_ensuring_water_for_the_future.html) Dank die Here vir die voorgenome projekte. Doen asseblief voorbidding dat bronne effektief en doelgerig gebruik sal word. En ook dat elkeen van hierdie projekte binne die begroting en betyds, sonder probleme voltooi sal word.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Noodsaaklike werkstuk vir evangelisasie en kerkplanting

Bybelvertaling verseker dat die evangelieboodskap nie vervals word of verdwyn nie. Dit verseker dat die lering van Jesus en sy dissipels van een generasie na 'n volgende oorgedra kan word en van een kultuur na 'n ander. Dit rus ook ou en nuwe gelowiges toe met die akkurate lering van Jesus vir die hele lewe en vir alle lewenspraktyke. Dit is noodsaaklik om die waarheid te ken voordat ons dit kan gehoorsaam en daarvolgens kan lewe. Die Skrif is 'n noodsaaklike komponent vir evangelisasie, vir kerkplanting en geestelike groei op kerk- en gemeenskapsvlak. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org). Bid asseblief vir die vertaling van die Bybel in elke taal wat nog 'n vertaling van die Bybel nodig het. Bid dat gelowiges die krag van die Woord sal ken, sal groei tot volwassenheid en die Koninkryk sal uitdra.

Woensdag 3 November 2010

Gebedsfokus op voorbidding: Upington vir Jesus

Bid asseblief vir Gerda Leithgöb van *Herald Ministry* wat hierdie maand in Upington lering gee oor praktiese gebed in en vir die gemeenskap, asook lering oor strategieë oor hoe om die dinge te onderskei wat herlewing en die uitdra van die evangelie in 'n omgewing strem. Bid ook vir guns wanneer hulle die gebedsgroepe in en om Upington begelei. Vra dat baie van die plaaslike gelowiges sal aansluit en aktiewe wagters op die mure van hulle stad sal word. (*Herald Ministry*. Tel.: 012 348 1377 of e-pos: herald2@mweb.co.za).

Gebedsfokus op gesondheid: Blindheid kan verhoed of behandel word

Die *World Health Organization* skat dat 75% van die wêreld se blindheid verhoed of behandel kon gewees het. Soveel soos 900 miljoen kinders en volwassenes vandag is gesigsgestremd as gevolg van refraktêre

abnormaliteite wat reggestel kan word deur die regte bril. (*News Bytes*. Webwerf: http://www.om.org/en/news/newsbytes of e-pos: debbie.meroff@ict.om.org). Bid asseblief vir Christen oogkundiges om tyd en vaardighede te belê om arm gemeenskappe te help deur aan hulle brille te voorsien. Bid ook dat die Here die kerk sal bemagtig om vir blindes te bid sodat hulle genees kan word in elke land van die wêreld.

Donderdag 4 November 2010

Gebedsfokus op die boubedryf: Die belangrikheid van infrastruktuur vir SA se ekonomie

Baie mense besef nie hoe belangrik die infrastruktuur van 'n land is nie. Paaie, spoorweë, lughawens, hawens, damme en water, watersuiwering, telefone ens. is lewensbelangrik vir die ekonomiese volhoubaarheid van Suid-Afrika. Dit is letterlik verskillende dele van die aarsisteem van die 'liggaam' van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Dit ondersteun en verbind die menigvuldige 'selle' van ekonomiese en sosiale aktiwiteite wat help om 'n beter lewe vir almal te skep en te handhaaf. Bid dat besluite geneem sal word om opgeleide en ervare mense aan te stel om die noodsaaklike infrastruktuurdienste te bestuur, te onderhou, op te gradeer en uit te brei. (Henk Langenhoven, senior ekonoom van die *SA Federation of Civil Engineering Contractors (SAFCEC)*, e-pos: hpl@safcec.org.za).

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Aantal tale wat vertaling nodig het

Uit die meer as 6 900 bekende tale ter wêreld, is daar na beraming ongeveer nog 2 000 tale waar die Skrif nie in enige bruikbare vorm beskikbaar is nie. Opnames het getoon dat hierdie tale 'n definitiewe óf 'n moonlike vertalingsbehoefte het. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org). Hou aan om so dikwels as wat die Heilig Gees jou daaraan herinner, te bid dat die Bybel so gou as moontlik in elke oorblywende taal vertaal sal word. Vra dat die Here arbeiders in hierdie veld sal instuur wat bereid sal wees om hulle lewens te gee vir die voltooiing van hierdie taak.

Gebedsfokus op die Kerk: Hoe om vir jou pastoor/dominee te bid

In **Romeine 15:30-31** skryf Paulus*: Ek versoek julle dan dringend … Stry saam met my deur vir my te bid dat God my veilig mag hou ... en dat my hulp aan Jerusalem aanvaarbaar mag wees vir die gelowiges daar.* Elke gemeenteleier het daagliks konstante gebed nodig. Geestelike leiers is op die voorste linie ontplooi en leef onder groot geestelike druk en aanvalle van die bose. Deur gebed vorm ons 'n 'gebedskild' wat ons geestelike leiers omring.

Die aanslag teen geestelike leiers kom op baie maniere. Hier is 'n paar voorbeelde:

1. Daar is direkte demoniese aanvalle teen geestelike leiers en hulle gesinne bv. deur sataniste, spiritiste, toordokters, ens.
2. Daar is aanvalle van 'n wêreldse gesindheid sowel as sosiale druk om te kompromitteer, gewild te wees en volgens die wêreld se sisteem te leef.
3. Daar is die aanval van die sondige natuur, die vlees wat die Gees weerstaan (**Gal.5:13-18**).
4. Daar is direkte versoekings en sonde wat elke geestelike werker moet weerstaan.
5. Geestelike werkers oor die algemeen ervaar baie stres, emosioneel sowel as sosiaal.
6. Elke geestelike werker het 'n eie persoonlikheid en kom uit 'n bepaalde agtergrond. Baie worstel met hulle eie emosionele pyn en seer van die verlede. Die vyand hou daarvan om pyn van die verlede wat nie hanteer is nie, in geestelike leiers se lewens te gebruik.
7. Geestelike leiers word dikwels in die versoeking gestel om met mede-geestelike leiers se sukses te kompeteer en na hulle eie eer te soek.

Om te bid vir jou pastoor of dominee beteken letterlik om in die bres te tree vir hulle, om geestelike verantwoordelikheid vir hulle deur gebed te neem, om sensitief te wees vir die stem van die Heilige Gees. Moenie jou eie wil en idees afbid op jou geestelike leiers nie. Laat die Heilige Gees jou lei. Die volgende is 'n paar riglyne:

1. **Gesinne:** Bid vir huwelike, vir vrede, respek en genoeg tyd met mekaar. Bid vir die kinders, dat hulle genoeg liefde en aandag sal ontvang. Vra vir wysheid vir ouers met die grootmaak van hulle kinders. Bid veral vir vertroue en 'n goeie verhouding tussen pa en seun, en pa en dogter. Vra dat jou leiers so sal leef dat hulle nie hulle kinders sal frustreer sodat hulle opstandig word teen God nie. Bid dat geestelike werk nie 'n afgod word wat kinders teësinnig teenoor die Woord sal maak nie.
2. **Hulle gesondheid:** *Liewe vriend, ek hoop dat jy gesond is* (**3 Joh.1:2**). Die klimaat, aanvalle van die bose, werksomstandighede, voortdurende kritiek, min sigbare vordering, misverstande, ens. is almal faktore wat mag saamwerk om 'n kleed van stres, depressie, moegheid en hulpeloosheid oor leraars te gooi. *"Vrede laat Ek vir julle na; My vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie* (**Joh.14:27**). Bid vir onderskeiding tussen waarheid en leuen wanneer beskuldigings gemaak word. Bid dat valse beskuldigings nie aanvaar sal word nie (**Sag.7:10b**). Bid vir hulle vir vriende wat ook geestelike vennote kan wees en dat die Here hulle met blydskap sal vul (**Neh.8:10, Deut.12:18**), ten spyte van omstandighede.
3. **Hulle geestelike welstand.** Bid dat hulle nederig sal wees, rein en heilige lewens sal lei en nie krities of sinies sal raak nie. *Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het Sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word* (**Fil.2:5-7**).
4. **Om te bedien met krag.** Bid dat God Self hulle sal toerus vir die werk wat Hy hulle gegee het. Bid vir die vervulling met die Heilige Gees sodat hulle hulle werk effektief kan doen. Bid ook dat die Heilige Gees God se Woord vir hulle sal oopbreek sodat hulle dit reg sal interpreteer en die vermoë sal hê om dit aan ander oor te dra. Vra vir hulle wysheid en groot geduld om moeilike situasies en om moeilike mense te hanteer. Ook dat hulle die wil van God in elke situasie sal verstaan. Bid dat hulle groot vrymoedigheid sal hê om die Woord van God te verkondig (**Ef.6:19-20**).
5. **Vir hulle finansies.** Bid vir hulle finansiële ondersteuning. Dikwels lei leraars finansiële gebrek wat druk op hulle plaas om ander werk te soek om vir hulle gesinne te sorg. (Kinders van geestelike leiers kan bv. a.g.v. finansies dikwels nie verder studeer nie.) Bid ook vir die beskerming van hulle aardse besittings, veral teen diefstal en ongelukke.

Vrydag 5 November 2010

Deurbraak: SA veroordeel eerste sekshandelaars

Suid-Afrika het sy eerste veroordeling vir mensehandel met die oog op seksuele uitbuiting, in Maart 2010 gemaak. Die staat het wetgewing toegepas wat verband hou met seksuele uitbuiting vir die veroordeling van 'n paartjie in die Durbanse Streekshof. Die *United Nations Office on Drugs and Crime (UNODC)* het die veroordeling verwelkom (Webwerf http://www.sagoodnews.co.za/crime/sa_convicts_first_sex_traffickers.html?utm_source=feedburner&utm_medium=email&utm_campaign=Feed%3A+SAGoodNews+%28SA+The+Good+News%29). Dank die Here vir die antwoorde op gebede met betrekking tot mensehandel. Gaan voort om te bid vir verdere soortgelyke veroordelings en dat die vrees van God op dié sal neerkom wat beplan om enigiemand te ontvoer vir verkope in die seksbedryf.

Gebedsfokus op godsdiens: Die Hindoe-fees van ligte

Diwali, the Hindoe-fees van ligte, is die mees gewilde fees van al die feeste in Suid-Asië en vind plaas oor 'n periode van vyf dae. Die gepaardgaande liggies, vuurwerke en lekkers wat betrokke is, veroorsaak dat dit 'n groot aantrekkingskrag vir kinders het. *The Times* van Indië het die moderne betekenis van Diwali so omskryf: Afgesien van die mitologiese verduideliking wat 'n mens sou verkies, staan die fees van ligte vandag vir die herbevestiging van hoop, 'n hernude verbintenis tot vriendskap en welwillendheid, en 'n godsdienstigbeleefde viering van die eenvoudige – en soms nie so eenvoudige – genietinge van die lewe. Ons moet onthou dat dit 'n dwaling is, en dat baie mense mislei word. (Webwerf: http://www.bbc.co.uk/religion/religions/hinduism/holydays/diwali.shtml).) Bid asseblief vandag vir Hindoes

wêreldwyd, dat hulle die ware lig van die nasies, Jesus Christus, sal leer ken. Ook dat hulle sal vind dat hoop en vreugde in die lewe slegs in Sy Naam ware betekenis het.

Saterdag 6 November 2010

Gebedsfokus op gebed: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk

Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger wat in die verskillende kantore van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* oor die hele land werk. Bid vir elkeen wat met die webwerwe, databasis en die finansies werk, vir elkeen wat inligting versamel en seminare aanbied, dié wat briewe, e-posse en telefoonoproepe beantwoord, wat betrokke is by gebedsreise, ens. Bid vir die Here se krag, vir gesondheid, vir hulle beskerming en die beskerming van hulle gesinne en veral van hulle kinders. Vra ook dat die Here in hulle praktiese en fisiese behoeftes sal voorsien. Bid dat die druk en verspreidingsproses hierdie maand vlot sal verloop wanneer die volgende uitgawe van die *Jerigo Mure Gebedsgids* gedurende die volgende 12 dae gepos gaan word. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk,* Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webwerf: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Waar woon gemeenskappe wat Bybelvertaling nodig het?

Hulle kan in al die bewoonde gebiede oor die wêreld gevind word. Die meerderheid is gekonsentreer in die drie hoofstreke van die wêreld: in Sentraal- tot Wes-Afrika, in Asië en in die eilande van die westelike gedeelte van die Stille Oseaan. Hierdie is die areas met die grootste nood vir Bybelvertaling. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org). Bid asseblief vir die Here van die oes dat Hy arbeiders sal stuur wat hulle lewens sal wy aan pogings om die Bybel te vertaal in AL hierdie oorblywende en skaars tale van die wêreld. Vra vir hulle versorging en voorsiening sodat hulle geen tekort sal hê in die voltooiing van hierdie taak nie.

Sondag 7 November 2010

Gebed is "*a Walk with One*"

Sit hier terwyl Ek daar gaan bid (**Mat.26:36**). Jesus het Simon en die twee seuns van Sebedeus saam met Hom na die tuin van Getsemane geneem. Toe dit tyd geword het om te bid, het Jesus van hulle af weggeloop om alleen by Sy Vader te wees. Party dinge in 'n Christen se lewe kan ons met mense deel, maar daar is ander tye wanneer dit 'n *alleenloop* is, waar ons alleen voor God staan, soos met die oomblik van ons bekering, by verskillende betekenisvolle mylpale op ons geloofspad, en op die dag van ons oordeel en beloning aan die einde van die Tyd. Dit is tye wanneer ons alleen voor God staan. Op die ou end is gebed 'n een-tot-Een persoonlike, geestelike ontmoeting. Ware gebed is wanneer jy verstaan dat dit net jy en God is. Die oomblik wanneer ons dit besef, is ons vry om te praat, om onsself te wees, om oor te gee, om ons swakhede en sondes te erken en te weet dit is veilig om dit te doen. Almal van ons het sulke tye nodig. Dit is hier waar God Sy hart aan ons openbaar, Sy liefde en genade aan ons verklaar, vir ons sê wat ons moet doen en wat Hy vir ons beplan. (Deur Catherine Brown; *Gatekeepers Global Ministries* met 'n paar bykomende opmerkings). Gebruik 'n rukkie om biddend na te dink oor hierdie gedagtes. Stort jou hart uit voor die Here en vra Hom om jou hart te verander sodat jy meer en meer Sy beeld sal reflekteer.

Gebedsfokus op evangelisasie: *CMA* Suid-Afrika vier 30 jaar van verkondiging van die evangelie

Die *Christian Motorcycle Association (CMA)* het in 1980 in Krugersdorp met 9 manne begin. Die visie wat René Changuion gehad het, was om sy motorfietsmaats vir Christus te wen na sy eie dramatiese bekering en nadat die Here hom genees het van 'n mank been. God het die baie lang, skynbaar verlore jare van motorfietsboewery omgekeer en gebruik dit in bediening onder motorfietsryers! Hulle loof die Here vir elke persoon wat die afgelope 30 jaar die Here gevind het. Ook vir elke span wat in SA en regoor die wêreld toegerus is om prominent en geloofwaardig te wees terwyl hulle met empatie sonder kompromie uitreik op die grootpaaie en sypaaie van die wêreld. Hou aan om vir hulle bediening te bid. Hulle lei leiers en lede op en rus hulle toe om Bybelse waarhede te verstaan en op hulle lewens en tydens hulle reise toe te pas (*C.M.A. Western Province*. Tel.: 021 982 2303, faks: 021 982 0997. Webwerf: http://country.cmainternational.org/SA of e-pos: cmawp@absamail.co.za)

Maandag 8 November 2010

Gebedsfokus op verlossing: Gevangenes

Dra gevangenes landswyd op in gebed. Bid vir nuwe Christene en ander se veiligheid in die tronke en bid dat die mense wat ander verkrag en aanrand, ook tot bekering sal kom. Bid dat elkeen die geleentheid sal kry om die boodskap van God die Vader se liefde vir hulle soos uitgebeeld in die Here Jesus Christus, sal hoor en verstaan en aanneem. Bid dat hulle hulle lewens aan Hom sal oorgee en geestelik sal groei.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Quechua van Suid-Amerika

Die Quechua mensegroep van Suid-Amerika het nie geweet of geglo dat God hulle taal verstaan nie! Wat hulle betref, het Hy net Spaans verstaan. Ricardo het dikwels geestelike dinge in Spaans, sy tweede taal, gehoor. Hy het grootgeword as die seun van die plaaslike curandera, 'n toordokter geneser, wat van hom verwag het om sy praktyk oor te neem. Nadat hy na die Bybel geluister het in sy eie taal op 'n sonkrag oudio Bybel (die 'proclaimer' genoem), het Ricardo besef dat daar 'n ander manier is om te lewe. Hy vertel: "Na drie maande het ek besef toordery is 'n sonde. Wat geskryf is in die Handelinge van die Apostels het my lewe verander." Hy het toe wel sy vader se besigheid oorgeneem maar met 'n kinkel: "Mense kom na my om gesond gemaak te word, maar ek verkondig aan hulle die evangelie!" (*ASSIST News Service (ANS)*, Posbus 609, Lake Forest, CA 92609-0609 USA. Webwerf: www.assistnews.net of e-pos: assistnews@aol.com). Loof die Here vir hierdie getuienis. Hou asseblief aan om te bid vir die beskikbaarheid van die Bybel in elke oorblywende taal van die wêreld.

Het jy geweet?

Suster Rani se moordenaar sê nou: "Christene is Indië se hoop"

Samandar Singh het in 1995 'n non vermoor en het 11 jaar tronkstraf gekry. Daar het hy begin planne maak om wraak te neem teen die man wat hom gedwing het om die moord te pleeg. Toe ontvang hy besoek van die vermoorde non se eie suster. Sy het hom omhels en hom broer genoem. Hy was diep geraak. Hy het sy planne laat vaar om wraak te neem en besef hoeveel pyn die moord veroorsaak het. Eindelik is Samandar ontslaan na 'n petisie wat geteken is deur Suster Rani se familie. Toe sy ontslag te stadig na wense verloop, het 'n afvaardiging die plaaslike burgemeester besoek en sy saak bepleit. "Dis net julle Christene wat regtig kan vergewe," het die burgemeester gesê. "Julle is 'n wonderlike voorbeeld. Gaan gerus, ek sal doen wat ek kan om hom ontslaan te kry." (Webwerf: http://www.asianews.it/news-en/Sister-Rani%E2%80%99s-murderer-now-says,-%E2%80%9CChristians-are-India%E2%80%99s-hope%E2%80%9D-18193.html).

Dinsdag 9 November 2010

Gebedsfokus op die media: Lisensie-aansoeke

Vra die Here om nuwe Christelike radiostasies oor die hele Suid-Afrika, in die kleiner dorpe, tot stand te bring. Bid dat nuwe aansoeke voorgelê sal word. Daar is nog honderde FM-kanale beskikbaar vir gemeenskapsuitsendings buite die groot stede. Bid spesifiek dat die Here 'n Christelike radiostasie in Bloemfontein tot stand sal bring. (*Association of Christian Broadcasters of Southern Africa (ACB)*, St. Helierweg 30, Gillitts, 3610. Tel.: 031 7670825, faks: 0865162407. Webwerf: www.acb.org.za of e-pos: info@acb.org.za).

Deurbraak: Val van die *Berlynse Muur op* November die 9de, 1989

Die *Berlynse Muur* (165 km lank) met sy 289 beton uitkykposte/masjiengeweertorings en 123 km elektriese draadheining is deur die kommunistiese bewind in Oos-Duitsland opgerig. 'n Verdere strook, wat 1 393 km langs die grens tussen Oos-Duitsland en die vrye Wes-Duitsland gestrek het, is ook voltooi. Vir 28 jaar het hierdie muur Wes-Berlyn van Oos-Berlyn geskei. Die muur is amptelik deur die Oos-Berlynse militêre troepe afgebreek op die 13de Junie 1990 en op die 1ste Julie is die Wes-Duitse geldeenheid deur Oos-Duitsland aanvaar en alle grensbeheer is gestaak. (Webwerf: http://www.christianpost.com/article/20091109/church-leaders-recall-faith-courage-on-berlin-wall-anniversary/index.html). Hou aan om God vandag te prys vir hierdie deurbraak wat 'n antwoord was op baie gebede. Bid ook dat die sigbare armoedelyn tussen Oos- en Wes-Duitsland nog in hierdie geslag uitgewis sal word en dat duisende nuwe hoop in Jesus sal vind.

Woensdag 10 November 2010

Gebedsfokus op die media: Wetgewing rakende Christelike uitsendings

Nuwe wetgewing van die *Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (Independent Communications Authority of South Africa - ICASA)* en die voorgestelde nuwe *Openbare Uitsaaidienste-beleid* (*Public Broadcasting Services Bill (PBS)*), kompliseer sake vir Christelike uitsendings in Suid-Afrika. Bid vir uitkoms vir Christelike senders wat met hierdie nuwe vereistes gekonfronteer word. Bid dat die *ACB* met wysheid op die nuwe wetgewing sal reageer. (*Association of Christian Broadcasters of Southern Africa (ACB)*, St Helierweg 30, Gillitts, 3610. Tel.: 031 7670825, faks: 0865162407. Webwerf: www.acb.org.za of e-pos: info@acb.org.za).

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Spanne word benodig om 'n vertaling te voltooi

Om 'n noukeurige vertaling van die Bybel te doen, vereis 'n verskeidenheid van spanvaardighede. 'n Tipiese projekspan sluit in: Taalontleders; Vertalingsadviseurs (mense wat oplei, raadgee en konsulteer oor taalkundige en eksegetiese aangeleenthede); Vertalers (mense wat uiteindelik materiaal omskryf in die moedertaal); Vertalingnasieners (Moedertaalsprekers wat toesien dat die vertaling duidelik en natuurlik is); en Vertalingskonsultante (persone wat meer ervare is in vertaling en advisering, wat in staat is om hulp te verskaf aan vertalingspanne sowel as om die kwaliteit van vertaling te monitor, goedkeuring vir publikasie te gee en raad te gee oor publikasie-opsies). (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org). Bid hierdie week vir elke komponent van 'n vertalingspan soos hier uiteengesit. Maak 'n nota hiervan en vra ook ander mense om op 'n gereelde basis hiervoor te bid.

Donderdag 11 November 2010

Gebedsfokus op wêreldekonomie: *G-20* Seoel Leierskonferensie: 11-12 November 2010

Die *G-20* het in 1999 tot stand gekom, op die hakke van die 1997 *Asië Finansiële Krisis*, met die doel om gevorderde en opkomende ekonomieë bymekaar te bring om die wêreldmarkte finansieël te stabiliseer. Gebou op prestasies van die verlede en noue samewerking tussen lede, gaan die *G-20* sy pogings in 2010 verdubbel. (Webwerf: http://www.g20.org en e-pos: G20KOR@korea.kr). Dra die belangrike besluitnemers oor die volgende twee dae in gebed aan die Here op. Vra dat Christengelowiges onder hulle guns sal verkry om die vergadering te beïnvloed vir die aanvaarding van Bybelse beginsels en strategieë vir die ekonomiese herstel en terselfdertyd 'n sterker, meer volhoubare en gebalanseerde ekonomiese groei wêreldwyd.

Gebedsfokus op die stuur van Bybels: Na die einde van die wêreld

Die een ding wat meer vir nuwe bekeerlinge wat onder vervolging lewe, beteken as enigiets anders, is 'n Bybel, omdat dit so noodsaaklik is vir geestelike groei. Christene in hoë risiko lande soos China word ontsettend bemoedig wanneer mede-Christene hulle lewens waag om Bybels aan hulle te voorsien. Toegewyde gelowiges plaas hulle lewens op die spel en maak gebruik van wat ook al beskikbaar is om die Bybels, wat deur Christene verskaf word, af te lewer. (*Open Doors*. Webwerf: http://www.opendoors.org.za of e-pos: southafrica@od.org). Bid asseblief dat Bybels voorsien, vervoer, versprei en gebruik sal word deur nuwe gelowiges oral in die wêreld. Bid vir die beskerming van nuwe gelowiges, asook vir hulle wat Bybels inneem.

Vrydag 12 November 2010

Gebedsfokus op evangelisasie: *Pneumatix*

Bid asseblief vir die personeel wat die uitdagings van 'n opkomende generasie moet hanteer. Dit raak elke jaar moeiliker! Dank die Here vir elke jongman en -dame wat toegerus word om die evangelie van Christus aan ander jongmense te verkondig. Bid ook asseblief vir die **Toerweke** in 2011, dat meer skole hulle deure sal oopmaak vir bediening, maar ook om 'n *Pneumatix Toerweek* te akkommodeer. Vra God vir wysheid om die regte strategie en insette te verskaf in die lewens van die nuwe **2011 span.** Die kampus kan 104 studente huisves en hulle wil nie een te min hê nie, hoe meer lewens hulle kan bereik, hoe meer gemeenskappe kan hulle met Christus bereik! (*Pneumatix*. Tel.: 021 858 1877, faks: 021 858 1268. Webwerf: http://www.pnxglobal.com of e-pos: finance@pnxglobal.com).

Gebedsfokus op evangelisasie: *Live School* lei Arabiese sendelinge op

Live School is 'n uitstekende DVD kursus vir sendelinge, wat in Suid-Afrika ontwikkel is, wat help om gewone mense op te lei om buitengewone dinge te doen! Bid dat die Here deure sal oopmaak vir meer skole en studente om opgelei te word in Noord-Afrika en in die Midde-Ooste. Bid vir die veiligheid van hierdie *Live School* studente en vir guns en deurbrake in hulle uitreikpogings. (*The Live School*. Tel.: 012 343 1165, faks: 012 343 1167. Webwerf: www.liveschool.org of www.worldmissioncentre.com of e-pos: chrissien@liveschoolsa.org).

Saterdag 13 November 2010

Gebedsfokus op gesondheid: Sorg vir MIV/VIGS-leiers

Sparrow is in 1992 deur Rev. Corine McClintock (voorheen 'n verpleegster) gestig. Dit het begin toe sy drie mans wat besig was om aan VIGS te sterf, ingeneem het en aan hulle sorg, gerief en ondersteuning verskaf het. Sedert *Sparrow Ministries* gestig is, het dit gegroei tot 'n organisasie wat huidiglik 225 kinders en 80 volwassenes versorg. (Webwerf: http://www.sparrowvillage.co.za/default.aspx?pid=3&stepid=1&oid=3). Prys die Here vir antwoorde op gebede soos dié vir MIV/VIGS lyers. Bid vir meer vrywilligers om in die *Sparrow hospice* te help met terminale pasiënte en vir die kinders van die kinderhuis wat een of albei ouers verloor het. Vra ook vir die geestelike groei van elkeen wat in hulle sorg is en vir die Here se bonatuurlike genesing.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Papoea-Nieu-Guinee

Bybelvertalingkonsultante gaan die werk van vertalers na om te verseker dat die eindresultaat duidelik, akkuraat en natuurlik is. Dit is nodig dat konsultante ervare vertalers moet wees, wat ook ekstra opleiding gehad het. Baie van hulle is nog steeds besig met hulle eie vertalingsprojekte. Dank God saam met ons vir hierdie manne en vroue wat bereid is om hulle eie werk 'n bietjie opsy te skuif om ander te help. Bid vir hulle finansiële ondersteuning sodat hulle meer gefokus kan werk en die werk vinniger kan voltooi. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Sondag 14 November 2010

Gebed wat deurbrake bewerk, is pynlik

Toe het Hy bedroef en beangs geword en vir hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My." (**Matt.26:37-38**). Jesus Christus se voorbidding in Getsemane was nie sonder worsteling en pyn nie. Hy het fisies, geestelik, verstandelik en emosioneel gely terwyl hy in doodsangs gebid het. Terwyl ons gebede en intersessie nie vergelyk kan word met Jesus se Getsemane-ervaring nie, verwag God ook van ons om ter wille van Sy koninkryk geestelike en fisiese ongerief en lyding te verduur. Gebed is pynlik wanneer ek my wil met God se wil in lyn moet bring. Dit maak seer wanneer God van my dinge vra wat slegs gedoen kan word as ek my eie begeertes, voorkeure, ambisies en regte prysgee. Gebed kan pynlik wees wanneer ek die gebedslaste opneem wat die Heilige Gees op my lê. Die Here gee diep om vir ons gewonde wêreld. Jesus het groot medelye met die wêreld gehad. Hy het gehuil by Lasarus se graf. Nie dat Hy nié iets daaraan kon doen nie, maar oor die pyn en lyding in die wêreld. Sonder 'n gevoel vir die pyn en lyding vir die wêreld en vir ander, sonder dat jy trane saam met hulle gestort het, is dit bykans onmoontlik om in te tree vir ander. *Die gees is gewillig, maar die vlees is swak* (**Matt.26:41b**). Mag ons vandag 'n woord van Goddelike bemoediging ontvang en bid, al maak dit seer; en mag ons volhard tótdat 'n deurbraak kom in die heilige vuur van God se teenwoordigheid en krag. (Deur Catherine Brown; *Gatekeepers Global Ministries* met 'n paar bykomende opmerkings). Neem 'n rukkie om biddend oor hierdie gedagtes na te dink. Stort jou hart uit voor die Here en vra Hom om jou hart te verander sodat jy Sy beeld meer en meer sal uitstraal.

Gebedsfokus op die Vervolgde Kerk: *Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk (IDOP)*

Die *Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk (IDOP)* val eke jaar op die tweede Sondag van November. Op hierdie dag bid ons vir vervolgde Christene en hulle vervolgers wêreldwyd. (Webwerf: http://nationalprayer.org/index.php?Itemid=8&id=14&option=com_content&task=view). Volgens die *World Evangelical Alliance*, word meer as 200 miljoen Christene in minstens 60 lande fundamentele menseregte ontsê, bloot op grond van hulle geloof. Baie van vandag se vervolging vind plaas in afgesonderde gebiede wat afgesny is van of beperkte toegang tot moderne kommunikasie het. Die meeste martelare ly en sterf anoniem,

onbekend, vergete, hulle wrede dood onopgeteken en ongemerk, behalwe in die hemel. Vir baie is vervolging so 'n deel van hulle lewens dat hulle nie eers daaraan dink om dit vir die wêreld te vertel nie. (Webwerf: http://www.persecution.net/faq-stats.htm). Maak 'n punt daarvan om hierdie week in jou gemeente, Bybelstudiegroep, of gebedsgroep by die werk vir enkelinge en groepe in die Vervolgde Kerk te bid (*International Day of Prayer for the Persecuted Church*. Webwerf: http://www.persecutedchurch.org/, e-pos: prayer@odusa.org).

Gebedsfokus op Moslems: Hajj (Die Moslem pelgrimstog na Mekka)
Hajj word beskou as een van die vyf "pilare" van Islam en vind hierdie jaar plaas tussen November 14-18, 2010. Elke jaar onderneem miljoene Moslems (van oor die hele wêreld) die reis na Mekka, Saoedi Arabië, vir die jaarlikse pelgrimsreis (of Hajj) wat van elke Moslem minstens een keer in 'n leeftyd verwag word. Gekleed in 'n eenvormige, eenvoudige wit kleed, verteenwoordigend van menslike gelykheid, kom die pelgrims bymekaar om rituele uit te voer wat volgens hulle terugdateer tot in die tyd van Abraham. Die Hajj herinner Moslems aan die groot byeenkoms op die oordeelsdag wanneer alle mense gelyk voor God gaan verskyn en wag op hulle finale bestemming. (Webwerf: http://islam.about.com/od/hajj/tp/hajjinfo.htm). Bid vir die miljoene Moslems wat in hierdie week in Mekka bymekaarkom. Vra dat die Here hulle gedurende hierdie tyd op 'n bonatuurlike wyse sal ontmoet en Christus aan hulle sal openbaar as die enigste Weg, die Waarheid en die Lewe sodat hulle vrye toegang tot ons hemelse Vader se troon op die oordeelsdag sal hê.

Tieners wat bid: Hoe bid ek vir myself?

1. Here Jesus gee vir my 'n begeerte om die Bybel te lees en gee vir my die Heilige Gees se wysheid en openbaring om my te help om die Woord te verstaan (**Ef.1:17**).
2. Here Jesus, maak my 'n visser van mense (**Matt.4:19**) en 'n dissipelmaker.
3. Here Jesus, maak my vreesloos vir mense en gee vir my vrymoedigheid om U getuie te wees orals waar ek kom (**Hand.20:24**).
4. Here Jesus, ek bid vir my generasie jongmense wat soek en vrae vra en ook vol seerkry en verwerping is (**Jes.42:3**). Ek bid dat U uself aan hulle bekend sal maak as die Een wat red en heelmaak (**Matt.11:27**).
5. Here Jesus, die media stel die seksuele op soveel verkeerde maniere voor en probeer ons daarvan oortuig. Help my om te onderskei en om te verstaan wat U heilige doel met hierdie deel van ons lewens is en dat ons rein sal lewe. Bevry my van elke verkeerde en on-Bybelse gedagte hieroor en van verslawing aan pornografie (**1 Tess.4:3**). Help my om hulp te vra wanneer ek nie oorwinning oor laasgenoemde kan kry nie.
6. Here Jesus, vul my met u Heilige Gees en gee vir my die geestelike krag sodat ek in oorwinning oor sonde kan lewe, U getuie kan wees en sodat ek die werk kan doen wat U vir my gee om te doen (**Ef.3:19**).
7. Here Jesus, help my om die dinge in my lewe wat nie in lyn met die Skrif is nie, ráák te sien. Wys ook vir my wat ek moet doen om dit reg te stel en presies hoe U wil hê dat ek moet lewe (**Open.2:5**).
8. Here Jesus, help my om die nood van ander mense rondom my raak te sien. Ek wil nie 'n selfsugtige lewe leef nie. Ek vra dat die Heilige Gees vir my sal wys wat ek aan die nood van mense rondom my moet doen (**Jak.1:27**).
9. Here Jesus, my lewe lê oop voor my. Ek wil graag die beste daarvan maak. U weet wat die beste pad is, want U het my gemaak en ek weet U het 'n plan vir my lewe. Ek stel myself oop dat U vir my kan wys en ek maak 'n keuse om daardie pad te loop (**Jer.29:11**).
10. Here Jesus, ek vra dat U die lewensmaat wat U vir my gemaak het, op die regte tyd na my sal bring. Beskerm hom/haar van onreinheid en seerkry en alles wat negatief en afbrekend is, sodat wanneer ons trou, ons vreugde in mekaar sal vind en dat die huwelik 'n getuienis vir ander sal wees en U sal eer (**Heb.13:4**).

Maandag 15 November 2010
Gebedsfokus op verlossing: Gastehuise en hoteleienaars
Toerisme beleef nie die beste jaar nie. Gevalle van geweld en verslae van buitelanders wat aangerand, beroof of vermoor is of wat gesterf het in ongelukke, het daartoe gelei dat baie hulle besoeke na SA gekanselleer het. Bid asseblief vir eienaars van akkommodasie in SA, dat hulle wysheid sal hê oor hoe om kansellasies te

hanteer, dat hulle nie hulle personeel sal hoef af te dank nie en hulle vertroue in Hom by wie niks onmoontlik is nie, sal stel. Bid dat hulle sal verstaan dat U die Voorsiener is en nie hulle fokus op geld sal plaas nie. Bid dat hulle Jesus as persoonlike Verlosser sal leer ken, te midde van hulle probleme.

Gebedsfokus op die boubedryf: Werksverliese
Die siviele ingenieursbedryf bied werk aan ongeveer 170 000 mense. Weens bottelnekke in die regering se R846 miljard infrastruktuurprogram, kan minstens 34 000 persone afgedank word. Bid vir die identifisering van die moontlike redes vir die bottelnekke en vir wyse en koste-effektiewe oplossings. Bid vir die wyse bestuur van semi-staatsorganisasies soos ESKOM, TRANSNET, ACSA, ens. wat besig is om strategieë in plek te plaas om die infrastruktuur te verbeter. Die munisipaliteite en provinsiale regerings het ongeveer R300 miljard tot hulle beskikking vir die verbetering van infrastruktuur. Bid vir ingryping sodat ongeruimdhede binne die munisipale en provinsiale regerings aangespreek kan word. Bid dat hierdie professionele groep mense Jesus as hulle Skepper en die Gewer van hulle intellek sal erken en Hom sal dien. (Henk Langenhoven, senior ekonoom by die *SA Federation of Civil Engineering Contractors (SAFCEC)*, e-pos: hpl@safcec.org.za).

Internasionale fokus: Hoe om te bid wanneer rampe tref

Ons kan nie natuurrampe beheer of voorkom nie. Ons kan ons daarop voorberei, maar ons kan dit nie voorkom nie; ons kan dit verwag, maar ons kan dit nie korrek voorspel nie. Daar is verskeie gevalle van aardbewings, storms, ens. in die Bybel waar nasies óf na Hom óf weg van Hom gedraai het. Verskeie aardbewings het die bewoners van die aarde sedert Januarie 2010 getref. Hoe en wat bid ons as 'n ramp ons tref? Die volgende is 'n paar gedagtes oor rampe wat dikwels oor die wêreld voorkom. Kom ons bid vir die Here se genade oor die nasies van die aarde, terwyl die aarde gespanne daarna uitsien dat God bekend sal maak wie Sy kinders is en uitsien na die wederkoms van ons Bruidegom, Jesus Christus!

Natuurrampe word oor die algemeen in verskillende kategorieë verdeel:
Grondverskuiwings (modderstortings, aardbewings, lahar-stortings, vulkaniese uitbarstings), waterrampe (oorstromings, limniese uitbarstings, tsoenami's), weerrampe (sneeustorms, sikloniese storms, droogtes, haalstorms, hittegolwe, tornado's), vuurrampe, gesondheid en siektes (epidemies, hongersnode), ruimte (gammastrale, meteoorinslag, sonvlamme, supernovas (sterontploffings) en hipernovas (sterineenstortings).

1. **Orkane:** Orkane (Atlantiese en oostelike Stille Oseaan), tropiese siklone (Indiese Oseaan) en tifone (westelike Stille Oseaan) is verskillende name vir dieselfde verskynsel: 'n Sikloniese stormsisteem wat oor die oseane vorm. *Bid vir Christene wat op verskillende weerstasies werk om God se stem duidelik te hoor ten einde mense vooruit te waarsku. Bid vir mense wat verantwoordelikheid vir gebed in elke nasie op die aarde ten tye van rampe kan neem.*
2. **Aardbewings:** 'n Aardbewing is die resultaat van 'n skielike vrystelling van energie in die aardkors wat seismiese golwe veroorsaak. Die krag van 'n aardbewing word gewoonlik gemeet op die Richterskaal. Met 'n meting van 3 of minder is aardbewings gewoonlik onwaarneembaar en 'n meting van 7 kan ernstige skade oor groot gebiede veroorsaak. *Hou aan om te bid vir verskeie lande wat hierdie jaar getref of beïnvloed is deur aardbewings. Bid dat die kerk wêreldwyd hulle verantwoordelikheid sal opneem om hulle wat in nood is te help, te versorg en op te lei. Vra ook die Here se genade vir mense tydens 'n aardbewing, dat getuienisse van Sy genade en beskerming 'n groot impak op die gelowiges sal hê.*
3. **Tornado's**: Tornado's is kragtige, draaiende lugkolomme wat teen geweldige hoë spoed beweeg. Tornado's kan een-een of in rukwindstroke voorkom. *Bid asseblief die Here se genade oor gesaaides, lewende hawe en woongebiede. Vra dat Christene tot die Here sal roep tydens so 'n krisis en getuienisse sal hê van die Here se antwoorde wat baie ander na die Here sal lei.*
4. **Vulkaniese uitbarstings:** 'n Vulkaniese uitbarsting is die spits waar 'n vulkaan aktief word en lawa en giftige gasse die lug inskiet. Sommige uitbarstings vorm pyroklastiese strome van as- en stoomwolke wat teen geweldige hoë temperature en spoed (vinniger as dié van 'n vliegtuig) teen berghange afstort. *Dra daardie nasies op in gebed wat tans deur vulkaniese aktiwiteite geaffekteer word. Vra dat baie na die Here sal begin roep en hulle lewens aan Hom alleen sal oorgee.*

5. **Tsoenami's:** 'n Tsoenami is 'n golf wat ontstaan wanneer 'n waterliggaam soos 'n oseaan vinnig verplaas word. Aardbewings, beweging van massa bo of onder die water, vulkaniese uitbarstings en ander onderwater ontploffings, grondstortings, 'n groot meteoorinslag of komeetimpak asook kernwapentoetse ter see het almal die potensiaal om 'n tsoenami te ontketen. 'n Tsoenami verskil van 'n getygolf wat oor die algemeen 'n minder vernietigende uitwerking het. *Bid dat mense wyser sal wees oor hoe en waar hulle huise bou en herbou, veral in gebiede waar tsoenami's gereeld voorkom. Bid ook dat mense in sulke lande hulle harte na die Here sal draai en Hom sal vra vir die veiligheid van hulle mense wat in kusgebiede woon.*
6. **Oorstromings:** *Bid vir die mense wat gedurende die jaar deur oorstromings benadeel is; dat hulle in staat sal wees om hulle lewens vinnig te herbou. Vra ook dat die kerk wêreldwyd sal uitreik na sulke gemeenskappe en bid spesiaal dat die Here Sy Gees op hulle sal uitstort.*
7. **Veldbrande:** Algemene oorsake van veldbrande of bosbrande sluit in weerlig, menslike onverskilligheid, brandstigting, vulkaniese uitbarstings en pyroklastiese wolke van 'n aktiewe vulkaan. Vonke en stukkies brandende hout wat deur die wind gewaai word, kan geboue ver van die oorspronklike vuur self, aan die brand steek. *Bid dat mense waaksaam en verantwoordelik sal optree en nie brande sal veroorsaak nie. Vra vir die Here se genade vir gebiede waar brande uitbreek, dat die wind sal gaan lê en dat die vure maklik geblus sal word. Vra dat mense die Here sal aanroep om in te gryp en dat baie mense hulle lewens aan Hom sal oorgee.*
8. **Droogtes:** Konstante ondergemiddelde reënval kan vir jare aanhou en beduidende skade in die plaaslike ekonomie veroorsaak. *Bid vir streke wat geaffekteer word deur die sogenaamde 'El Nino'-verskynsel, veral in Sentraal-Afrika. Vra vir die Here se genade veral vir kinders wat aan wanvoeding ly en die dood tot gevolg kan hê. Vra dat Hy ook nuwe landboukundige metodes sal openbaar aan Christenboere in hierdie lande om te voorsien vir hulle in nood en op hierdie manier ook die evangelie versprei.*
9. **Sneeustortings:** Sneeustortings is een van die grootste gevare wat gedurende die winter in sneeuberge voorkom. As sneeu van 'n berghang begin afstort, sleur dit die sneeumassa op die berghang mee en die storting word al groter. *Bid vir dorpies om op die uitkyk te wees vir hierdie stortings, om mekaar betyds te waarsku en om te kan ontvlug. Vra ook dat Christene in sulke areas in gebed voor die Here sal staan vir die veiligheid van hulle streek.*
10. **Grondstorting:** Grondstortings kan veroorsaak word deur 'n aardbewing, vulkaniese uitbarsting of algemene onstabiliteit in die omliggende grondoppervlak. Modderstortings of moddervloede is spesiale gevalle van grondstortings waar swaar reën veroorsaak dat los grond op steil hellings begin insak en afwaarts begin stort. *Dra mense wat 'n geliefde verloor het as gevolg van 'n grondstorting hierdie jaar aan die Here op. Bid vir vertroosting asook finansiële voorsiening. Vra dat Christenwetenskaplikes guns by die Here sal verkry om wetenskaplike maniere te vind waardeur moontlike grondstortings vroeër raakgesien sal word. Bid vir gemeenskappe wat kwesbaar is vir grondstortings om voor die Here te staan vir die veiligheid van hulle streke.*

(Wetenskaplike inligting verkry uit *Wikipedia*-artikel: *Natural Disasters.* Gebedsversoeke en afleidings is dié van die skrywer).

Dinsdag 16 November 2010

Gebedsfokus op die boubedryf: Ingenieursopleiding

Saam met die reëlmatige inkrimping van besteding, het die aantal ingenieurstudente wat by universiteite grade of diplomas verwerf het vanaf 1975 tot 2000 met die helfte verminder. As gevolg van die behoefte vir die opgradering van infrastruktuur en die bou van nuwe infrastruktuurprojekte, is daar 'n tekort aan ingenieurs om aan die vereistes te voldoen. Met die afswaai in die wêreldekonomie soek baie van die ingenieurs wat geëmigreer het weer werk in Suid-Afrika. Bid dat hierdie mense met ingenieursvaardighede geleenthede sal kry waar hulle 'n verskil kan maak. Prys die Here vir opleidingsinisiatiewe deur die privaatsektor geneem om ingenieurs op te lei. (Henk Langenhoven, senior ekonoom by die *SA Federation of Civil Engineering Contractors (SAFCEC)*, epos: hpl@safcec.org.za).

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Vordering in Bwaidoka: Papoea-Nieu-Guinee
Ladai en Joshua is twee Bwaidoka mans van Papoea-Nieu-Guinee wat gemoeid is met die vertaling van die Bybel in hul eie taal. Om verskillende redes verloop die werk redelik stadig. Bid asseblief dat hulle meer gekonsentreerde tyd aan vertaling kan bestee. Ladai is besig om te werk aan Jakobus en Titus, terwyl Joshua Matteus en Lukas doen. Kom ons dink aan hierdie twee mans en hulle gesinne in ons gebede terwyl hulle volhard met hierdie uiters belangrike werk. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Woensdag 17 November 2010
***Alpha* Suid-Afrika**
Alpha-kursusse het die lewens van duisende mense oor jare aangeraak en baie na Christus gelei. Dank die Here vir hulle volgehoue pogings in gemeentes, die werkplek, tronke, ens. Bid dat meer *Alpha*-kursusse in die land aangebied sal word en dat die *24/7 Gebedsvisie* baie kerke sal betrek om ons land met gebed te deurdrenk. Vra vir die Here se voorsiening vir projekte asook vir sterk nederige streeksleiers wat landswyd met *Alpha* se werk kan help. (*Alpha Suid-Afrika*, Posbus 656, Newlands, 0049. Tel.: 012 998 8144 of faks: 086 518 6263. Webwerf: http://www.alphasa.co.za of e-pos: inform@alphasa.co.za).

Top 10 lande wat Christene vervolg: Noord-Korea
In die eerste posisie op die *World Watch List (WWL)* vir 2010 is weer Noord-Korea. Selfs al is die Noord-Koreaanse regime stadig maar seker besig om sy yster houvas op die Noord-Koreaanse samelewing te verloor, probeer die regering steeds desperaat om die gemeenskap te beheer met die doel om Christenaktiwiteite uit te wis en die straatmarksisteem te vernietig. Baie Christengelowiges is gearresteer gedurende Noord-Korea se streng klopjagte (Webwerf: http://opendoorsusa.org). Bid asseblief veral vir geheime Christene wat opgespoor is tydens hierdie klopjagte. Bid vir uithouvermoë en die behoud van hulle geloof tydens marteling en vir die Here se krag om teenoor hulle onderdrukkers te getuig. Dank God vir geleenthede waar die evangelie aan mense in die Sjinese stede naby die grens met Noord-Korea gebring word.

HET JY GEWEET?
Fokus op ontwikkeling van vaardighede: Tronkarbeid

In die toekoms mag gevangenes gedwing word om handearbeid te verrig, mits die Minister van Korrektiewe Dienste, Nosiviwe Mapisa-Nqakula, haar sin kry! 'n Ondersoek gaan geloods word om vas te stel of die ou sisteem van arbeid vir gevangenes teruggebring kan word. Om die hele dag TV te kyk, verbeter nie die vaardighede en sosiale bewussyn van opgesluite kriminele nie. "Gevangenes moet verstaan en waardeer, soos almal van ons, dat dit belangrik is om in die oggend wakker te word en te werk. Hulle moet onder andere vir hulleself kook, sodat ons nie miljoene hoef te spandeer vir spyseniering nie", het sy gesê. (Webwerf: http://news.iafrica.com/sa/2322901.htm). Dank die Here vir opmerkings soos dié vanuit die geledere van ons regering! Bid asseblief vir die spoedige implementering van hierdie voorstelle sodat gevangenes toegerus en gevorm kan word om verantwoordelike lewens te lei solank as wat hulle in die gevangenis is. Bid vir Christenorganisasies om deel te word van hierdie projekte om so ook die evangelie na hulle te bring.

Donderdag 18 November 2010
Gebedsfokus op die boubedryf: Verlies aan vaardighede in plaaslike en provinsiale regerings
Verskeie studies het getoon dat slegs 'n handjievol munisipaliteite finansieël lewensvatbaar is. Een van die hoofoorsake is 'n gebrek aan opgeleide personeel met die vereiste tegniese kennis om die water, riool, paaie en elektriese dienste te hanteer en te onderhou. Die gevolg is dat die 'korporatiewe kennis' om hierdie dienste te onderhou, verlore gegaan het. Bid vir die lede van die *South African Local Government Association (SALGA)* en hulle doelstellings om munisipaliteite by te staan om die basiese dienste te lewer. Bid vir die volgende ingrypings: (1) Dat die politieke leierskap die belangrikheid sal besef van die aanstelling van bekwame munisipale ingenieurs en personeel. (2) Dat bekwame afgetrede ingenieurs gewerf sal word en of

gesekondeer sal word uit die privaatsektor. Bid dat dit vinnig sal gebeur omdat swak munisipale dienslewering 'n direkte gesondheidsgevaar vir die hele land inhou. (Henk Langenhoven, senior ekonoom by die *SA Federation of Civil Engineering Contractors (SAFCEC)*, e-pos: hpl@safcec.org.za).

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Oostelike Arrernte Australië
Werk aan die Oostelike Arrernte Bybelvertalingsprojek het oor die laaste jare baie stadig gevorder omdat een van die hoofvertalers intensief betrokke was by die administrasie van die organisasie waarvoor hy werk. In Maart is hy vrygestel van ander verantwoordelikhede sodat hy daarop kon konsentreer om die vertaling te voltooi. Daar word verwag dat die Nuwe Testament binne 2-3 jaar voltooi sal wees. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org). Roep asseblief tot die Here vir guns op hierdie projek sodat dit selfs vroeër afgehandel sal wees. Bid dat ander toegewyde werkers by die span sal aansluit asook vir die nodige tegniese toerusting om die werk te ondersteun.

Vrydag 19 November 2010
Gebedsfokus op die boubedryf: Die belangrikheid van Bruto Binnelandse Produksie (BBP) besteding
Die totale beskikbare ekonomiese infrastruktuur in die land (i.e. paaie, spoorweë, lughawens, hawens, elektrisiteit, damme, ens.), het agteruitgegaan tot op vlakke soos in 1965, as gevolg van verwaarlosing en ontoereikende onderhoud en baie min uitbreiding. As 'n land het ons nou 30 miljoen meer mense en 'n ekonomie wat waarskynlik 30 keer groter is. Ten einde 'n ekonomie te onderhou en te ondersteun teen 'n jaarlikse groeikoers van 5- 6% is die bedrag wat nodig is om aan infrastruktuur te bestee 25% van die BBP (Bruto Binnelandse Produk). Loof die Here dat die regering besef dat hy meer aan onderhoud en opgradering van 'n agteruitgaande infrastruktuur sal moet bestee en dat die besteding in die omgewing van 20% van die BBP sal moet wees. Bid vir wysheid met die balansering van behoeftes aan sosiale ondersteuning en die behoefte aan die verbetering van die infrastruktuur wat 'n langtermyn voordeel vir almal inhou. Vra dat politieke leiers sal verstaan dat die enigste manier om die ekonomie te verbeter en om permanente werksgeleenthede te skep, deur groter ekonomiese belegging in ons infrastruktuur is. (Henk Langenhoven, senior ekonoom by die *SA Federation of Civil Engineering Contractors (SAFCEC)*, e-pos: hpl@safcec.org.za).

Top 10 lande wat Christene vervolg: Iran
Hierdie jaar is Iran hoër op die lys en beklee dit nou die tweede posisie in die *WWL*. Die meeste Christene wat gearresteer is, is in die tronke mishandel. Die meerderheid van hulle is weer vrygelaat, maar daar is steeds hofsake en vonnisse wat hangende is. Irannese owerhede het gedurende 2009 sommige kerke toegemaak, hoofsaaklik as gevolg van die diensbywoning van baie nuwe Moslembekeerlinge. Islam is die amptelike godsdiens in Iran. Onder die juridiese interpretasies van die Sharia wette, staar enige Moslem wat die Islam geloof verlaat om 'n ander geloof aan te hang, die doodstraf in die gesig. (Webwerf: www.opendoorsusa.org). Bid asseblief dat nuwe bekeerlinge geestelik sal groei in hulle persoonlike verhouding met die Here Jesus. Bid dat hulle die oë van die geheime polisie sal ontglip en sal voortgaan om die evangelie te verkondig.

Het jy geweet?
Simbiti honger na die Woord in Tanzanië

Loof die Here vir hierdie verslag van Pastoor Waynse, 'n Simbiti Bybelvertaler: "Om die Simbiti-dorpe te bereik het ek 'n veerboot gebruik. Eenkeer toe ek by 'n dorpie aankom, was daar 'n groot groep mense bymekaar om na die lees van die Woord te luister. Toe ons 'n pouse het vir oggendtee, wou hulle dadelik hulle eie Bybel hê. Die Skrifgedeeltes verkoop teen 400 sjielings. Die koste van die oggendtee was ook 400 sjielings. Almal het verkies om die Skrifgedeeltes te koop in plaas van om kos te koop. Dit is hoe sterk hulle honger vir die Woord van die Here is."
(*Wycliffe Prayer Focus Bulletin.* Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Saterdag 20 November 2010

Gebedsfokus op die media: *Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (OKOSA)*

Bid vir die aanstelling van Christene in die raad van *OKOSA* aangesien nuwe raadgewers hierdie jaar aangewys sal word. Daar is 'n aantal Christene onder die benoemdes. Vra vir guns vir Christelike uitsending op nasionale vlak, veral omdat so baie mense na internasionale programme soos *God TV* kyk. Loof die Here vir 'n oop deur vir Christenuitsending in die grootste dele van Suidelike Afrika. Bid vir openings in Botswana en Zimbabwe. (*Association of Christian Broadcasters of Southern Africa (ACB)*, St. Helierweg 30, Gillitts, 3610. Tel.: 031 767 0825, faks: 086 516 2407. Webwerf: www.acb.org.za of e-pos: info@acb.org.za).

Gebedsfokus op Bybelvertaling: *Mandara Nuwe Testament* Feesviering

Die *Mandara Nuwe Testament* het veilig in Mei op die Simberi Eiland aangekom (Papoea-Nieu-Guinee). Dank die Here vir nog 'n mensegroep wat nou toegang tot die Bybel in hulle eie taal het. Bid asseblief nou vir 'n honger en dors onder die Mandara om die Bybel te lees en te bestudeer en geestelik te groei. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Sondag 21 November 2010

Gebede wat deurbrake bewerk, is volhardende gebede.

'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. Hy het in doodsangs geraak en nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val (**Luk.22:43-44**). Dit is my vaste oortuiging dat die Vaderhart van God uitermate sigbaar is by Getsemane. God het 'n engel gestuur om Sy Seun te kom bedien; God het die gawe van volharding aan Christus gegee om deur Getsemane te kom tot by Golgota. Volharding is iets wat ons gewoonlik met atlete assosieer, omdat hulle hard werk aan hulle voorbereiding vir deelname aan atletiekbyeenkomste; of miskien assosieer ons volharding met oorwinning oor probleme of versoekings van die een of ander aard. Dit is so, albei hierdie vergelykings het geestelike toepassings vir gebed. Ons word ook gedurig deur die Heilige Gees geskool in die weë van die Here. Ons word ook deur die vallei tot op die bergtop na oorwinning gelei soos ons deur die seisoene van verandering gaan. Ons word platgedruk en in die noutes word ons meer aan ons Geliefde gelykvormig. Paulus het vir sy geestelike seun, Timoteus, gesê: "*Dra jou deel van die ontberings soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus*" (**2 Tim.2:3**). Dan praat hy verder oor die atleet se oorwinnaarskroon wat hy in die kompetisie gewen het en ook die boer wat hard werk en die eerste is wat sy deel van die oes ontvang. Al hierdie allegoriese vergelykings wys ons op die voordele van volharding – ons ontvang 'n kroon van heerlikheid omdat Jesus die kroon van dorings gedra het; ons deel in die oes omdat Christus die Here van die oes is. (Deur Catherine Brown; *Gatekeepers Global Ministries* met 'n paar bykomende opmerkings). Gebruik 'n paar oomblikke om biddend na te dink oor hierdie gedagtes. Stort jou hart uit voor die Here en vra Hom om jou hart te verander sodat jy Hom meer en meer sal reflekteer.

Die top tien lande wat Christene vervolg: Maledive

In die Maledive-eilandgroep, (5de op die *WWL*), is Islam die amptelike staatsgodsdiens en al die burgers moet Moslems wees. Vervolging van Christene in die Maledive is sistematies: wetgewing verbied die beoefening van enige ander godsdiens as Islam; die regering beskou homself as die beskermer en verdediger van Islam; kerke word verbied; die invoer van Christelike materiaal word verbied; en die gemiddelde Malediver stem saam met die verbod op enige ander godsdiens as Islam. In dié land – een van die mins-geëvangeliseerde lande in die wêreld – is daar slegs 'n handjievol inheemse gelowiges wat hulle godsdiens individueel en in uiterste geheimhouding beoefen uit vrees dat hulle uitgevind kan word. (Webwerf: www.opendoorsusa.org). Bid dat betekenisvolle veranderings baie gou in hierdie land sal plaasvind en vir 'n openheid in die harte van die inwoners om die evangelie te ontvang wanneer dit kom.

Gebedsverhaal: Jeug met 'n Sending (YWAM)

Jeug met 'n Sending (Youth with a Mission - YWAM) vier 50 jaar van God se guns

"Skielik het ek na 'n wêreldkaart gekyk. Net, dié kaart was lewendig, dit het beweeg! Ek het regop gesit en my oë gevryf. Dit was soos 'n rolprent wat in my kop afspeel. Ek kon al die kontinente sien. Golwe het teen die

kuste geslaan. Elke golf het oor 'n kontinent geslaan, dan teruggetrek, dan het dit verder ingeslaan totdat die hele kontinent heeltemal bedek was. Ek het na my asem gesnak. Terwyl ek gekyk het, het die beeld verander. Die golwe het in jongmense verander - kinders van my ouderdom en selfs jonger – het die kontinente oordek. Hulle was besig om met mense op straathoeke te praat en voor kroeë. Hulle het van huis tot huis gegaan. Hulle het gepreek. Orals het hulle na mense omgesien..." Dit is die verhaal wat nog steeds so vars in die hart en gedagtes van *YWAM* se leier en stigter, Loren Cunningham, brand as op daardie dag in 1956 toe die Here dit vir hom gewys het. YWAM is in uiteindelik in 1960 gestig en hierdie jaar vier ons sy 50e verjaarsdag en eer die Here vir duisende siele wat by Sy Koninkryk gevoeg is, duisende gebede wat beantwoord is, lewens wat herstel is sowel as tekens en wonderwerke wat te veel is om neer te skryf.

Die 1970's: Twee hotelle, 'n skeepswrak en 'n visie
Van Desember 1969 tot in die somer van 1970 het *YWAM* sy eerste skool gehou, die *School of Evangelism,* met 'n totaal van 36 studente. Die studente se verblyf en klasse was in 'n gehuurde gerestoureerde hotel in Lausanne, Switserland. Teen die einde van daardie jaar het hulle die hotel gekoop. Later daardie dekade is 'n skool begin wat sou fokus op Bybelse waarheid en karakterontwikkeling sowel as op sending. Die skool, die *Discipleship Training School (DTS)* het uitreikgeleenthede vir die skool geskep. Hierdie formaat: drie maande van lesings gevolg deur twee of drie maande van uitreik word vandag nog in die meeste *Discipleship Training Schools* toegepas. Daarna het Loren weer 'n visie gehad. Hy het 'n visie vir 'n skip vir die bediening gehad wat in hawestede rondom die wêreld kon werk. Harde lesse vir die groeiende *YWAM*-familie is hieruit geleer om nooit die werktuie vir die Here se werk bokant die Here Self te stel nie. Dit het 10 volle jare geneem voordat die Anastasis as die eerste van 'n vloot van *YWAM Mercy* skepe te water gelaat is.

YWAM is vandag 'n internasionale beweging van Christenvrywilligers uit baie agtergronde, kulture en Christentradisies, toegewy daaraan om Jesus dwarsdeur die wêreld te dien met 'n eenvoudige doelwit: Om die Here te ken en om Hom bekend te maak aan ander. *YWAM* het 'n gesentraliseerde struktuur wat nuwe visie en die ontginning van nuwe maniere aanmoedig om lewens te verander deur opleiding, die boodskap van die evangelie uit te dra en om mense in nood te versorg. Hulle werk op die oomblik in meer as 1 000 plekke in meer as 150 lande met 'n personeel van byna 16 000. Kom ons dank die Here wat baie meer gedoen het as wat ooit gebid of gedink kon word deur die gehoorsaamheid van duisende mense die afgelope 50 jaar.

YWAM het vandag groot sentra op elke kontinent behalwe op Antarktika! 'n Groot getal van hulle werkers kom uit Brasilië en Suid-Korea. In die volgende paar jaar verwag *YWAM*-leiers 'n ontploffing van sendelinge vanaf China na ander dele van die wêreld. Mag hierdie Chinese *YWAMers* saam met hulle medewerkers getuies wees van ongekende groei in beide getalle en vervolging - as die profetiese woord aan die sending se leierskap goed gefundeer is. Hierdie dubbele golf van vrugbaarheid en ontbering vereis 'n volgehoue behoefte in hierdie sendingbeweging om aanpasbaar, kreatief en gewillig te wees om na plekke te gaan en dinge te doen waarvoor min ander kans sien.

As jy voel dat die Here met jou praat, is daar 'n geleentheid vir jou om betrokke te raak. *YWAM* bied 'n opwindende reeks kort- en langtermyn geleenthede, of jy nou op 'n sendingreis wil gaan of met 'n lewenslange sendingloopbaan wil begin, dalk sou jou seun of dogter 'n 6 maande dissipelskapkursus geniet of 'n BA-graad deur *YWAM* se universiteit wil verkry. Vir meer inligting kontak Miranda by *YWAM* SA, Posbus 330, Muizenberg, 7950. Tel.: 021 788 73 45. Webwerf: www.ywam.org of e-pos: ywamafricom@gmail.com of webjoernaal: http://commsteamafrica.blogspot.com/

Maandag 22 November 2010
Gebedsfokus op verlossing: Vissermanne
Veranderings in die kwotas wat aan vissermanne toegeken is, veral langs die Weskus, het tot gevolg dat baie nie meer in hulle daaglikse behoeftes kan voorsien nie. Sedertdien is daar 'n toename in die onwettige vangs van kreef en perlemoen. Bid asseblief vir die vissermanne, dat die Here vir hulle sal wys hoe hulle vir hulle gesinne moet sorg, om hulle te weerhou van onwettige aktiwiteite en hulle vertroue in die Here te stel. Vra dat hulle tot die Here sal kom deur die getuienis van ander wat kies om 'n reguit pad te loop.

Top 10 lande wat Christene vervolg: Afghanistan
Om 'n Christen in Afghanistan (6de op die *WWL*) te wees is steeds uiters moeilik veral omdat die landswet gebaseer is op Islamitiese beginsels. Die Taliban het buitelanders, Christenhulpwerkers en plaaslike Christene gedreig. Plaaslike inwoners wat openlik Christene is, word dikwels met geweld en die dood gedreig. Bid dat die Here se vrede wat alle verstand te bowe gaan oor die harte en gedagtes van gelowiges in Afganistan sal wag hou. Bid dat hulle guns by hulle onderdrukkers sal vind en in staat sal wees om duidelik die stem van die Here te hoor om die evangelie vrymoedig te deel wanneer die Here praat. (Webwerf: www.opendoorsusa.org).

Dinsdag 23 November 2010
Gebedsfokus op die jeug: *Eagles Rising* evangeliebediening
Elke jaar neem *Eagles Rising* 'n aantal jongmense uit die minderbevoorregte gemeenskappe in en help hulle met basiese opleiding en Christelike insette wat hulle in staat stel om vir 'n werk aansoek te doen. Dank die Here vir Sy voorsiening om hulle toe te rus met liefde en vaardighede om die evangelie aan hulle eie mense te bring. Bid vir dié wat die program voltooi het om in die Here te bly, om versoekings te weerstaan en 'n nuwe voorbeeld te stel van God se hoop vir hulle gesinne. (*Eagles Rising Ministries*. Tel.: 021 856 4486. Webwerf: www.eaglesrising.org.za of e-pos: office@eaglesrising.org.za).

Gebedsfokus op die stuur van Bybels: Oorlewendes na aardbewing kry sonkrag Bybels
Een groep is besig om sonkrag, oudio-Bybels, wat 'Proclaimers' genoem word, na Haïtiane te stuur. Hierdie instrument kan die Bybel in Haïtiese Kreool aan 300 mense op 'n slag voorlees. Dit is ontwerp vir "arm en ongeletterdes" en kan op enige plek speel. Die oudio-Bybel bring die Here se hoop en troos aan hulle, met die wete dat Hy hulle nie vergeet het nie. (Webwerf: http://www.theaustralian.com.au/news/breaking-news/earthquake-survivors-get-solar-powered-bibles/story-fn3dxity-1225821184929). Dank die Here vir hierdie geleenthede om die Woord te versprei. Bid vir meer sulke instrumente en bid vir die miljoene wat so na die Woord van die Here kan luister.

Woensdag 24 November 2010
Gebedsfokus op verlossing: *Every Home for Christ Anglo Africa (EHCAA)*
EHCAA, in vennootskap met *Disciple Nations Alliance*, het hulleself verbind tot diens aan die kerk vir die herstel van die Here se wonderlike visie vir die nasies, om die kerk te help om 'n Bybelse wêreldvisie te verstaan en uit te leef. Ook om die kerk te help om Christus se liefde vir gebroke mense te demonstreer. (Kontak: Hein van Wyk, *EHCAA/Hope for Africa*, Posbus 9463, Centurion, 0046. Tel.: 012 665 0343, faks: 012 665 0381, sel: 082 349 8465. Webwerf: http://www.ehcaa.co.za of e-pos: hein@ehcaa.co.za). Bid asseblief vir bedieninge soos hierdie, dat hulle prakties effektief in hulle werk en pogings sal wees. Vra vir 'n honger en dors na die Woord van die Here in mense se harte en dat hulle sal verstaan dat hulle dag en nag tot Hom moet roep as grondslag vir hierdie evangeliebediening.

Gebedsfokus op Israel: Reën in seisoen
Israel het die afgelope jare min reën gedurende die reënseisoen gehad en hulle hoof waterbron, die See van Galilea is gevaarlik laag. Die nuwe reënseisoen begin aan die einde van Oktober. Vra asseblief vir die Here om reën in seisoen te stuur, om riviere op die kaal bergtoppe te laat ontspring en fonteine in die laagtes te laat uitborrel. Dat die bome van die bos weer eens in die woestyne sal floreer. Bid ook dat baie siele God se voorsiening sal raaksien, Hom sal prys en die Here Jesus as hulle persoonlike Verlosser sal aanvaar (**Jes.41:18-20**). (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webwerf: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

FOKUS OP 16 DAE VAN AKTIVISME TEEN GESINS-GEWELD: 25 NOV - 10 DES 2010

Om in staat te wees om effektief oor hierdie sake te bid, moet ons verstaan wat mishandeling en geweld op praktiese leefvlak werklik is. Emosionele mishandeling is bv. 'n onsigbare vorm van mishandeling wat verbale en geestelike mishandeling insluit. Mense onderskat die belangrikheid van emosies. By diepgewonde mense

kan emosies die dryfkrag wees agter belangrike keuses. Emosionele mishandeling raak die kern van ons menswees aan, vernietig ons selfvertroue en verbrokkel ons sin vir waardes (**Spr. 17:22**). Wil jy nie by ons aansluit in gebed om in elke invloedsfeer wat die Here vir jou gegee het ander te mobiliseer om te bid vir ons manne, vroue en kinders wat verantwoordelik is vir verskillende vorme van mishandeling of self slagoffers daarvan is nie? Bid vir hulle genesing, herstel en radikale bekering en dat hulle hulle lewens aan Jesus Christus sal oorgee. (Gedeeltes van die notas wat in hierdie gebedsversoeke gebruik word, is geneem en aangepas uit: *Biblical Counselling Keys* deur *June Hunt).*

Donderdag 25 November 2010

Gebedsfokus op die boubedryf: Verlies van vaardighede in plaaslike en provinsiale regerings (verv. 18 Nov)

Verskeie studies het getoon dat slegs 'n handjievol munisipaliteite finansieel lewensvatbaar is. Een van die hoofoorsake is 'n gebrek aan personeel met die vereiste tegniese kennis om die dienste vir water-, riool-, paaie en elektriese dienste te hanteer en te onderhou. Die gevolg is dat die 'korporatiewe kennis' om hierdie dienste te onderhou, verlore gegaan het. Bid vir die lede van die *South African Local Government Association (SALGA)* en hulle doelstellings om munisipaliteite te help om volgens kernmandaat dienste te lewer. Bid vir die volgende ingrypings: 1) Vir effektiewe leierskapsontwikkeling en opleiding met toepaslike toesig en mentorskapprogramme. (2) Vir lewensvatbare privaat en openbare vennootskappe wat die dienslewering in munisipaliteite kan verbeter. (Henk Langenhoven, senior ekonoom by die *SA Federation of Civil Engineering Contractors (SAFCEC)*, e-pos: hpl@safcec.org.za).

Top 10 lande wat Christene vervolg: Jemen

Jemen is steeds in die 7de posisie, maar 'n hoër 7 as voorheen. Daar was 'n toename in die konfiskering van Christelike materiaal in 2009/10. Die regering laat buitelanders 'n mate van vryheid toe om hulle geloof uit te leef, maar Jemenitiese burgerlikes word nie toegelaat om hulle tot die Christendom te bekeer nie. Gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond kan die doodsvonnis opgelê word indien hulle nuwe geloof ontdek word. Proselitering van Moslems word verbied. (Webwerf: www.opendoorsusa.org). Bid vir die Here se beskerming veral ten opsigte van nuwe gelowiges en die konfiskering van Christelike materiaal. Bid dat nuwe deure sal oopgaan om Bybels te versprei sonder dat dit ontdek word.

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme Teen Gesins-geweld: 25 Nov - 10 Des 2010

Emosionele mishandeling is 'n volgehoue, negatiewe gedragspatroon wat gebruik word om 'n ander persoon te beheer of te misbruik. Emosionele mishandeling strek van konsekwente onverskilligheid tot gereelde verkleinering van karakter. *Bid dat die Here elke persoon se oë sal oopmaak wat 'n lid van sy gesin of hulle vriende emosioneel misbruik. Bid dat hulle skielik sal besef dat enige vorm van emosionele misbruik waaraan hulle skuldig is, hetsy emosioneel, verbaal, verstandelik, fisies, geestelik of seksueel, 'n mens se waardigheid en sy Godgegewe waarde aantas* (**Spr.18:14**).

Vrydag 26 November 2010

Gebedsfokus op *Precept Ministries* (SA)

Precept Ministries (SA) het 'n las om die vorige benadeelde gebiede in Suid-Afrika met die Woord van God deur die induktiewe Bybelstudiemetode te bereik. Bid dat die Here sal voortgaan om deure oop te maak, sodat elkeen van ons orals en altyd toegang sal hê tot mense van alle tale, kulture en ouderdomsgroepe in Suid-Afrika. Bid dat ons baie mense sal kan help om die Here se waarheid vir hulleself te ontdek en dat hulle op hulle beurt ook ander sal dissipeleer en aanmoedig. (*Precept Ministries S.A.*, Posbus 539, Howard Place, 7450. Tel./faks: 021 531 1836. Webwerf: www.precept.org.za of e-pos: angelag@precept.org.za).

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme Teen Gesins-geweld: 25 Nov - 10 Des 2010

Emosionele mishandeling of "sielkundige mishandeling" skend die gees van die persoon wat mishandel word. Na uitgerekte periodes van emosionele mishandeling verloor slagoffers hoop en voel dan dat dit nie meer die moeite werd is om te lewe nie (**Spr.13:12**). *Bid vir slagoffers wat oor lang periodes mishandel word om 'n deurbraak te kry en op te staan en die Here te vra om hulle op te tel en heel te maak.*

Saterdag 27 November 2010

Gebedsfokus op werkloosheid: R5 miljard afleggingsplan

Meer as R5 miljard is in 2010/11 opsy gesit om minstens 700 000 werkers te bevoordeel wat hulle werk tydens die resessie verloor het. R42 miljard in *Werkloosheidsversekeringsfonds*- bydraes en R23 miljard van die *Vergoedingsfonds* gaan belê word in die *Openbare Beleggingskorporasie (PIC)* in grootskaalse regerings- en privaatsektorprojekte vir werkskepping. (Webwerf: http://business.iafrica.com/features/2352800.htm). Dank God vir antwoorde op gebed rakende hierdie aangeleentheid. Bid asseblief dat die geld korrek aangewend sal word en dat werklose mense werklik gehelp sal word. Vra dat projekte vir werkskepping sal groei en self-onderhoudend sal word onder goeie leierskap en bestuur.

Top 10 lande wat Christene vervolg: Mauritanië

The situasie in Mauritanië (8ste op *WWL*) het in die afgelope jaar baie agteruitgegaan as gevolg van die moord op 'n Christenhulpwerker (Junie 2009), die arrestering en marteling van 35 Mauritaanse Christene (Julie 2009) asook die arrestasie van 'n groep van 150 sub-Sahara Christene (Augustus 2009) wat 'n kerkbyeenkoms gehou het. Die regering beperk vryheid van godsdiens deur 'n verbod op die druk en verspreiding van Christelike of nie-Islamitiese godsdienstige materiaal en die proselitering van Moslems (om Moslems tot 'n ander geloof te oortuig). (Webwerf: www.opendoorsusa.org). Roep tot die Here dat Hy op 'n bonatuurlike manier deure sal oopmaak vir die evangelie in hierdie land ten spyte van toenemende teenstand. Bid dat Hy Sy gees sal uitstort op die paar gelowiges, dat God wonderwerke in die teenwoordigheid van hulle vervolgers sal doen en dat hulle so gewen sal word vir Sy koninkryk (veral in die lig van al die dwaallering vandag).

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme Teen Gesins-geweld: 25 Nov - 10 Des 2010

Emosionele mishandeling kan ook passief-aggressief wees, 'n vorm van indirekte beheer. **Passief-aggressiewe** mense toon dikwels hulle woede op 'n indirekte, omgekeerde wyse. In 'n poging om beheer te verkry, manipuleer hulle hulleself onbewustelik of bewustelik in 'n afhanklike posisie in en word foutvinders van dié van wie hulle afhanklik is. Bid vir ***slagoffers*** *van passief-aggressiewe mense en ook vir hulle vriende wat probeer om hulle te help omdat hulle nie die lewe op hulle eie kan hanteer nie. Bid vir wysheid oor hoe om sulke situasies te hanteer.*

Sondag 28 November 2010

Gebede wat deurbrake bewerk, is gebede wat vrae stel

Neem hierdie beker van My (**Mar.14:36**). Deur vir Sy Vader te vra om die beker van Hom af weg te neem, het Jesus gevra of dit moontlik is om nie die beker van lyding te drink nie. Jesus was 'n gehoorsame Seun wat Sy bestemming verstaan het. Nogtans het selfs Jesus Sy Vader gevra of dit nie tóg moontlik was om die beker van Hom weg te neem nie. Op Golgota het Jesus weer eens tot Sy Vader uitgeroep: *Eloi, Eloi, lama sabachtani?* wat beteken, *My God, My God, waarom het U My verlaat*? (**Mar.15:34b**).

Daar is tye in ons lewens wanneer ons uitroep na die Here met harte vol pyn, met vrae wat geen antwoorde het nie. Catherine Brown onthou so 'n situasie 'n paar jaar gelede en onthou die vrede wat sy ervaar het toe sy besef het dat die Here aan die kruis gesterf het met 'n oënskynlike onbeantwoorde vraag. Omdat Hy self deur God verlate gevoel het, kan Jesus ons in enige situasie verstaan, vertroos en help. Hy is die Lig aan die einde van die tonnel en ook die Lig in die middel! Hy is volmaak en getrou in elke situasie en bring vrede aan ons vermoeide siele. Mag ons rus vind in Sy soewereiniteit en in Sy vermoë om ons te ontmoet op die plek van pyn om ons te help in die oorgang na genesing en heelheid, sodat ons in staat sal wees om lewensveranderde gebede uit ons harte te bid. (Deur Catherine Brown; *Gatekeepers Global Ministries* met bykomende opmerkings). Gebruik 'n oomblik om biddend na te dink oor hierdie gedagtes. Stort jou hart uit voor die Here en vra Hom om jou hart te verander sodat jy Hom meer en meer in jou lewe sal weerkaats.

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme Teen Gesins-geweld: 25 Nov - 10 Des 2010

Emosionele mishandeling kan openlike of verskuilde verwerping wees. **Openlike verwerping** dra openlik die boodskap oor dat 'n persoon ongewensd of ongeliefd is (soos wanneer jy verbaal verkleineer word). **Verskuilde verwerping** vind plaas op subtiele wyses wat moontlik nie eers deur die oortreder bedoel word nie

(soos wanneer jy geïgnoreer word) (**Filippense 2:3-4**). *Bid dat mense hierdie gedragspatrone in hulleself of in hulle geliefdes/vriende sal kan onderskei. Bid dat die Heilige Gees hulle sal lei om hierdie verkeerde gedrag te bely en daarvan weg te breek en die Here die eer vir die oorwinning te gee.*

Maandag 29 November 2010

Gebedsfokus op verlossing: Siviele ingenieurs

Bid asseblief vir siviele ingenieurs. Baie wat hulle eie besighede besit, sukkel om kontrakte goedgekeur te kry of om vergoed te word vir werk wat reeds gedoen is. Bid dat mense wat Jesus heelhartig dien, met hulle in aanraking sal kom sodat hulle Hom ook as persoonlike Verlosser kan leer ken. Bid dat hulle hulle afhanklikheid van hulle Skepper sal verstaan en hulle vertroue in Hom alleen sal stel.

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme Teen Gesins-geweld: 25 Nov - 10 Des 2010

Verbale mishandeling is 'n vorm van openlike emosionele mishandeling. 'n Vaardige houtkapper gebruik sy gereedskap met oorleg – hy kap herhaaldelik op presies dieselfde plek totdat die boom omval. Die houtkapper is trots daarop dat hy homself en sy wapen kan beheer, hy kap nooit 'n roekelose hou nie. Net so gebruik 'n verbale misbruiker sy tong soos 'n wapen om aan 'n ander persoon te kap. Die misbruiker is vaardig in sy vermoë om houe toe te dien met sy vlymskerp tong – woorde wat deur hart en siel sny (**Psalm 52:4**). *Bid tot die Here om mense se ore oop te maak sodat hulle kan hoor met watter gesindheid en op watter manier hulle met ander mense praat; hoe hulle ander vonnis vir wat hulle verkeerd doen sonder 'n woord van hulle slagoffers. Vra vir die Heilige Gees om almal wat ander verbaal mishandel, se harte terug te draai na hulle hemelse Vader sodat hulle hulle eie lewens met Hom en ook met hulle slagoffers kan regmaak.*

Kinders wat bid: Oorwinnende gebed

Wat is die groot bohaai oor gebed? As grootmense in gebed glo, waarom is hulle dan so bekommerd? Kan ek dan die Here vertrou om my gebede te antwoord? Hoe moet ek met die Here praat? Hoe dikwels moet ek bid om 'n goeie gebedslewe te hê? Hierdie is alles vrae wat ons gaan probeer beantwoord terwyl ons jou aanmoedig om gedurende hierdie maand te bid.

MAANDAG: Wat is gebed? Gebed is om met die Here te praat en te luister as Hy met ons praat. As jy bv. jou Bybel lees, is dit die Here se 'terugpraat' met jou om jou te help en leer. Ons praat dikwels met ons vriende en met ons familie en hulle praat met ons terug. Die Here is ons Vriend en hemelse Vader. Hy wil met ons praat. *Hemelse Vader, ek het U lief en ek wil graag meer met U praat. Herinner my om dwarsdeur die dag met U te praat, U Woord te lees en ook te luister en te hoor hoe U met my praat. In Jesus se Naam. Amen.*

DINSDAG: Waarom moet ons bid? Daar is baie redes hoekom ons moet bid: Om vir die Here dankie te sê en Hom te prys, om ons sondes te erken en vergifnis te vra, om Hom te vra om ons te help met ons probleme, om Hom te vra om ander mense te help en om net met ons Vader te praat. *Hemelse Vader, dankie vir my lewe en dat ek vir U alles kan vertel wat in my lewe gebeur. Help my om te onthou dat ek met U oor my probleme kan praat tótdat U my help, sodat ander ook kan leer dat U regtig bestaan. In Jesus se Naam. Amen.*

WOENSDAG: Hoe moet ons bid? Jy kan jou oë toemaak, jou kop buig, kniel of jou hande vou om te bid. Hierdie liggaamshouding toon respek. Maar jy kan ook bid terwyl jy skool toe loop, in die bus of taxi ry of as jy in die middel van die nag wakker word en bang is. Onthou altyd om in Jesus se Naam te bid, want Jesus het vir ons gesê om in Sy Naam te bid, omdat ons deur Sy kruis en Sy bloed toegang tot die troon van God het (**Joh. 16:23b**). *Here Jesus, leer my hoe U wil hê ek met U moet praat. Help my om te onthou dat ek op enige tyd en plek met U kan praat en dat U nooit ver is nie. In Jesus se Naam. Amen.*

DONDERDAG: Wanneer moet ek bid? Manne en vroue in die Bybel het vir ons geleer dat ons enige tyd kan bid. In 1 Tessalonisense 5:17 lees ons dat ons "gedurig moet bid." Daar is nooit 'n slegte tyd om te bid nie. *Hemelse Vader, dankie dat U altyd wakker is en na my gebede luister, dat U nooit moeg word nie en altyd beskikbaar is om my dag en nag te help. Herinner my om gedurig te bid. In Jesus se Naam. Amen.*

VRYDAG: Waar moet ek bid? Jy kan enige plek bid. Die Bybel sê dat die Here orals is. Jy kan in enige situasie of plek wees of enige probleem hê en wanneer jy bid sal Hy hoor en jou gebede beantwoord soos Hy die beste weet. *Dankie Hemelse Vader, dat U met my is selfs as ek bang is of wanneer 'n slegte ding met my*

gebeur. Dankie dat ek altyd, dag en nag, tot U kan roep. Ek plaas my vertroue in U alleen. In Jesus se Naam. Amen.

Dinsdag 30 November 2010

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme Teen Gesins-geweld: 25 Nov - 10 Des 2010

Indoktrinering verwys na sistematiese, gedwonge invloed wat druk op gevangenes uitoefen om hulle eie oortuigings prys te gee en die opposisie se uitgangspunte te aanvaar. Ongelukkig hoef jy nie 'n oorlogsgevangene te wees om gebreinspoel te word nie. Jou onderdrukker kan 'n belangrike lid van jou eie gesin of 'n nuwe kennis wees. In watter omstandighede jy ook al geïndoktrineer word, dit sal sistematies jou gevoel van eiewaarde en selfvertroue ondermyn, wat sal veroorsaak dat jy jouself wantrou en selfs kontak met die werklikheid kan verloor (**Gal.4:17**). *Bid tot die Heilige Gees om die oë van beide die slagoffers en die oortreders van indoktrinering oop te maak sodat hulle sal besef wat besig is om te gebeur. Bid dat die vrees van die Here hulle sal aanmoedig om weg te draai van hierdie gedrag en hulle tot goddelike berou voor die Here en voor mekaar sal lei.*

Top 10 lande wat Christene vervolg: Oezbekistan

Die Godsdiensvryheid in Oesbekistan (10de op *WWL*), het hierdie jaar agteruitgegaan. Baie Christene is gearresteer en beboet. Baie Christenleiers is ondervra en by polisiestasies aangehou en fisies en emosioneel verneder. Verder word Christene fisies deur familielede mishandel om hulle te dwing om tot Islam terug te keer. Nog 'n teken van die veranderende situasie is dat outoriteite die media gebruik om Christene te beswadder. Dit lei daartoe dat anti-Christelike aktiwiteite aan die toeneem is. Dank die Here dat die kerk in Oesbekistan aanhou groei, ondanks vervolging. Bid vir Christene wat aktief probeer om ander met die evangelie te bereik te midde van teenkanting. Sang en prediking is bv. in hulle taal (Oesbekies) verbode. (Webwerf: www.opendoorsusa.org).

Woensdag 1 Desember 2010

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme Teen Gesins-geweld: 25 Nov - 10 Des 2010

Indoktrinering kan verkillende vorms aanneem, verbaal en emosioneel. Voorbeelde van **verbale indoktrinering** is: —Intimidering (Daar word geïmpliseer dat as jy in gebreke bly om aan al die intimideerder se versoeke te voldoen, of weier om sy geloof en oortuigings te aanvaar, dit ernstige gevolge vir jou sal hê); Indoktrinering (Oortuigende herhaling van boodskappe, teenstrydig met jou eie waardes en oortuigings), —Diskreditering (Verkleinering van jou familie en vriende wat nie saamstem met die intimideerder nie), —Degradering (Skelname, beledigings, spot en vernedering) en —Etikettering (Beweer dat jou idees kinderagtig, dom en waansinnig is) (**Ps.35:20).** Bid vir *jouself of vir iemand wat jy ken as jy tekens van hierdie gedragspatrone waarneem in jou eie of in ander se gedrag. Vra dat die Heilige Gees die hart van hulle hemelse Vader aan hulle sal openbaar, en om hulle te oortuig van Sy liefde, sodat hulle self graag sal wil ophou met hierdie afbrekende gedrag en restitusie sal doen teenoor dié wat hulle onderdruk of mishandel het.*

Gebedsfokus op gesondheid: *Wêreld VIGS dag*

Wêreld VIGS dag, wat gehou word op 1 Desember elke jaar, is 'n belangrike geleentheid waar regerings, nasionale VIGS-bewegings, geloofs- en gemeenskapsorganisasies, en individue van reg-oor die wêreld die aandag vestig op die wêreld se VIGS-epidemie en die groot behoefte beklemtoon vir universele toegang tot noodsaaklike versorging. Christen-organisasies het 'n spesiale verantwoordelikheid in hierdie opsig teenoor mense wat met MIV/VIGS leef, of wat blootgestel is aan infektering. (Webwerf: http://www.e-alliance.ch/en/s/hivaids/world-aids-day/). Hou aan met bid dat Christene betrokke sal raak by die versorging van HIV/VIGS-slagoffers in Suid-Afrika. Net een huis waarin VIGS-weeskinders versorg word, verander die lot van 'n paar kosbare kinders. Bid dat Christene nie oorweldig sal voel deur die omvang van die probleem nie, maar prakties sal ingryp waar God hulle oortuig om dit te doen.

Donderdag 2 Desember 2010

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme Teen Gesins-geweld: 25 Nov - 10 Des 2010

Indoktrinering kan verskillende vorms aanneem, verbaal en emosioneel. Voorbeelde van **emosionele indoktrinering** is: —Isolasie (Beroof jou van al jou buite bronne van emosionele en sosiale ondersteuning), —Gedwonge uitputting (Om jou laat wakker te hou, jou slaap te onderbreek, jou fisies of emosioneel uit te put), — Die afdwing van oormatige inskiklikheid (Militante afdwing van nietige versoeke), —Ignorering (Weerhouding van emosionele ondersteuning maar latere ontkenning daarvan), —Doelbewuste vergeetagtigheid (Doelbewus nalaat om beloftes en ooreenkomste te hou), —Uitbuiting (Om jou of iemand naby aan jou te gebruik vir eie selfsugtige gewin) **(Ps.143:3-4**). *Bid vir jouself of iemand wat jy ken as jy sommige van hierdie gedragspatrone by ander of by jouself waarneem. Roep uit tot God ter wille van hulle wat ander op enige van hierdie maniere mishandel, dat hulle 'n drastiese, ingrypende openbaring sal kry van wat hulle besig is om te doen, en hoe die Here se liefde teenoor hulle heeltemal anders is as hoe hulle besig is om iemand anders te behandel. Bid vir opregte berou en dat hulle hulle harte tot God sal keer en om reg te maak wat hulle verkeerd gedoen het.*

Gebedsfokus op Israel: Fokus op Hanukkah

Hanukkah (beteken 'toegewydheid') , 'n fees wat Jesus gevier het (**Joh. 10:20**), word hierdie jaar vanaf 2-9 Desember gevier. Dit herdenk die oorwinning van 'n handjievol Israeli's oor die Griekse ryk wat Israel in die vroeë geskiedenis beset het. Jode is tydens hierdie besetting geforseer om hulle geloof op te sê en die *Torah* te verbrand (5 Boeke van Moses). 'n Vark is in die tempel geslag en 'n beeld van die Griekse god, Zeus, is in die tempel opgerig om dit te ontheilig. 'n Klein groepie gelowige mans wat vasgestaan het in hulle geloof (167 BC) het 'n teenaanval geloods. Drie jaar later is die Tempel geheilig en weer toegewy. Die oorwinnningsfees word steeds gevier. Bid vir die Joodse volk wêreldwyd dat die Here, deur Sy Gees Jesus, die Lig van die Wêreld, wat as dienskneg gekom het en as Koning sal terugkeer, aan hulle sal openbaar. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webwerf: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).